

KINDERWERKKAART - JAKOBUS 3




Pas op
wat jy sê!

Lees Jakobus 3
vers 1-18

Hemelse Wysheid vs. Aardse Wysheid

STAP 1 -Knip hierdie mond uit (jy mag dit inkleur as jy wil)



shutterstock.com • 1609503907

STAP 2 – Vou die mond in die helfte. Sny nou 'n gleufie op die lyntjie tussen die twee lippe van die mond sodat jou tong daardeur kan steek.

Nou is ons gereed vir ons spelletjie!

Laat mamma of papa enige van die woorde in die lys hierbo deurmekaar vir jou lees. As dit Hemelse wysheid is trek jou tong terug as dit Aardse wysheid is steek jou tong uit.

Onthou! Dis nie mooi om tong uit te steek nie, maar vir die spelletjie kan jy dit maar doen want jy bedoel dit nie met 'n slegte hart teenoor iemand nie.

OUERTOERUSTING VIR DIE WEEK

OUERS VRA DIE VOLGENDE VRAE AAN U KINDERS?

1. Wie se tong steek deur die gaatjie? (My eie tong)
2. Kan jy self jou tong beheer?(Ja ek kan dit self uitsteek en terug trek)
3. Is jou tong sterk? (ja)
4. Hoekom is hy sterk? (My tong kan woorde sê wat ander mense kan seer maak)
5. Mag ek vir maats tong uitsteek? (Nee)
6. Hoekom mag ek nie ? (Want ek doen dit om hul hart seer te maak)
7. Hoekom mag ek in die speletjie my tong uitsteek? (Want ek maak nie iemand se hart seer deur die speletjie te speel nie)
8. Wat sê die Here moet ek met my tong maak? (Ek moet die Here loof met my tong)

LES: Ek beheer my eie tong en is verantwoordelik vir wat ek sê met my tong – Deur my tong te gebruik om af te breek, - jok, - skinder of ander te vloek is Aardse wysheid. Deur my tong te gebruik om die Here te loof en van Hom te getuig deur my gedrag, woorde en lofprijsing is Hemelse wysheid.

Kom ons gebruik ons tonge dan nou tot eer van die Here en loof Hom deur Psalm 100 verse 1 tot 3 te sing:

Juig al wat leef, juig voor die Heer
Dien God met blydschap gee Hom eer,
Kom nader voor sy aangesig
En prys Hom met 'n lofgedig!

Die Heer is God, erken dat Hy
'n eie volk vir Hom berei,
'n volk om Hom te diene n vrees
En skape van sy wei te wees

Gaan deur sy poorte in met lof
Met lofsang in sy Tempelhof;
Kom in sy huis, o bondsvolk, saam:
Verhef sy lo fen prys sy Naam